Nuusbrief - Noordelike Sinode

verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Kontak ons by** tel 012-440 6525; e-pos: hermien@noordsin.co.za of kom **besoek ons by** Sinodehuis, Steve Bikostraat 125 (B), Sunnyside.
- **Noordelike Sinode se facebook** (http://www.facebook.com/noordsin) en **twitter** (http://www.twitter.com/noordsin)
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak* ***Francois Genis****, 071 777 9302, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** ***Willem Rautenbach*** *- 0717916039 of magaliesbergjeugkamp@gmail.com of Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

13 April 2018
Nr 12/2018

Sinodale nuus

Bybel-lees met 'n verskil

Die **volgende byeenkoms** vind om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas:
** ***17 April 2018:*** **Skriflesing**: Sagaria 11:4-17
Navrae: Fanie Cronje (083 415 1452) en Kobus Myburgh (083 227 7185)

BestMed

Hiermee bevestig ons dat **Veronica Stuurman** nog steeds die kontakpersoon is vir die kerklike groep by BestMed. Stuur asseblief julle navrae aan veronicas@bestmed.co.za.

Kolleganuus

Benoeming

Paul du Plessis [Riviera-Jakaranda] is tydens die **Bybelgenootskap van SA** se *Algemene Jaarvergadering* tot voorsitter van die direksie verkies. Hy volg ds Rodney van Wyk op.

Bevestiging / Beroep

Montana: **Tienie (MC) De Bruyn** (Emeritus en vroeër leraar van Premiermyn) word op Sondag ***15 April 2018*** om 08:00 as leraar (Termynpos) bevestig en lewer ook sy intreepreek.

Willem Immelman (Rustenburg-Bergsig) het 'n beroep Ashton toe ontvang.

Voorbidding

Retha Kruidenier [Ring van Daspoort se verteenwoordiger op die SDR] en haar gesin was verlede week in 'n motorongeluk naby Fochville. Hulle sterk tans tuis aan.

❖ **Verjaarsdagwense** *Hartlik geluk aan die volgende persone met die herdenking van hul geboortedag:*

16/04 André Botha [Naboomspruit, 079 516 7641, dsanbotha@gmail.com]
18/04 Heinrich Stapelberg [Florauna, 083 276 1746, stapelberg@ngkflorauna.co.za]
20/04 Gerrie Strydom [Florandia, 082 940 5453, gerrie.s@mweb.co.za]
Hannes Bezuidenhout [Pietersburg-Noord, 083 382 1275, hannes@ngnoord.co.za]
Coenie Swart [Emeritus, 082 452 2899, ccswart@mweb.co.za]
22/04 Johan de Wet [Hartbeespoort, 082 446 5225, leraar@hartiesng.com]
Paulus Burger [Pretoria-Oos, 082 578 5157, paulus@ooskerk.org.za]
Jana de Lange [Universiteitsoord, 076 835 5525, jana@universiteitsoord.co.za]
Mos Venter [Emeritus, 082 603 1936, mosven@absamail.co.za]

****

22/04 Liezel Hoepfner [Albertyn, 014-763 2701, henniehoepfner308@gmail.com]

Gemeente nuus

❖ **Verjaarsdae: Baie geluk!**
Marikana [Gestig: 22/04/1944]
Pietersburg-Oos [Gestig: 17/04/1967]
Queenswood [Gestig: 17/04/1947]
Pretoria-Oos [Gestig: 20/04/1920]

❖ **Tuinrand: Woord en lied**
Datum: ***15 April 2018*** [17:30]
Uitnodiging: 'n Spesiale diens waarheen die Ring van Daspoort se gemeentes genooi word om saam met die gemeente die Here se Naam te eer met samesang en woordbediening.
Navrae: Tel 012-379 2268 / ngtuinrand@telkomsa.net

❖ **Koedoeskop** hou **Koedoefees**
Datum: ***28 April 2018*** [Deure maak 08:00 oop]
Toegang: R20.00 per persoon.
Die dag gaan propvol pret wees, onder andere 5km pretdraf/stap; musiekvermaak; boeresport & veiling en heerlike eetgoed!
Vir meer inligting besoek www.ngkoedoeskop.com

❖ **Onderstepoort: Winter-mark**
Datum: ***5 Mei 2018*** [08:00-15:00]
Adres: Eeufeesstraat 377, Pretoria-Noord [25.668ºS, 28.170ºE]
Kos, potjiekos,handwerk, tweede handse klere, gesigsverf, springkasteel, vermaak, stalletjies en vele meer.
Navrae: Tel 012-546 6046 (09:00-13:00)

❖ **Wierdapark**: **Huweliksverrykingsnaweek**

Huwelike en verhoudings is van die kosbaarste maniere om uitdrukking te gee aan ons liefde vir God.

Uitnodiging: Kom herskryf aan die verhaal van jou huwelik op ***9-11 Augustus 2018*** by Pure Joy Lodge in Kameeldrif.
Aangebied deur Jan Bester en Pieter Visser - Leraars en Narratiewe verhoudingsterapeute
Die koste van R2250 per paartjie sluit verblyf, kos, verversings en kursusmateriaal in.
Besprekings beperk tot 6 paartjies.
Inskrywings by https://goo.gl/8SCtjZ
Navrae: Gemeentekantoor, tel 012-654 7944.

Ander nuus

❖ Excelsus

Oggendsimposium met: FRANK WEVERS *[Emeritus-predikant by Calvary Christian Reformed Church in Holland, Michigan]* - **MOVING TOWARD MISSIONAL** – the story of an ordinary pastor and an ordinary church

- Becoming a missional thinker yourself: my personal journey
- Becoming a missional congregation: The story of Calvary Christian Reformed Church, Holland Michigan
- The pros and cons of being a missional church.

Datum: ***25 April 2018***
Tyd: 9:00-12:00
Plek: NG Kerk Stellastraat (Suidoos-Pretoria)
Koste: R 80-00 (sluit tee/koffie en ligte middagete in)
Ontvangs van inskrywings geskied per e-pos, excelsus@up.ac.za.
Navrae: Kontak Rika van Rensburg by 012 420 6738 (08:00 – 13:00)
VBO-punte: 3

❖ Hugenote Kollege: Bekendstelling van die Pionierkursus

Die vorming en ontwikkeling van nuwe geloofsgemeenskappe wat bestaande gemeentes laat groei of tot nuwe gemeentes kan lei, is 'n kernaspek van missionale kerkwees. Die Pionierkursus van Hugenote Kollege wil gemeentes bystaan met die opleiding en begeleiding van leiers van spanne wat verhoudinge met nie-Christene bou, die evangelie aan hulle verkondig en hulle in die konteks van 'n nuwe geloofsgemeenskap dissipel. Hierdie nuwe geloofsgemeenskappe kan op sy beurt inskakel by bestaande gemeentes of tot nuwe gemeentes ontwikkel.
Die Pionierkursus word vanaf *Julie 2018* in *Johannesburg/Pretoria omgewing* aangebied. Kliek hier vir 'n **brosjure wat meer inligting oor die kursus gee.**
Die volle besonderhede van hierdie deeltydse, nie-residensiële kursus oor twee jaar sal by die volgende by-eenkoms bespreek word:
Datum: ***19 April 2018*** [19:00-20:30]
Plek: NG Gemeente Kempton-Kruin, Fiskaalstraat 30, Glen Marais, Kemptonpark.
Kontak dr. R. van Velden indien u beplan om die bekendstellingsbyeenkoms by te woon of vir enige vrae: 0828574368; rvanvelden@hugenote.com

❖ HospiVision: CPD Course - Ethics in Practice: Staying Ethically Awake with Good Record Keeping of our Client's Story

Date: ***21 April 2018*** in Pretoria
Where*: DR Lynnwood Church, 439 Sussex lane, Lynnwood: registration 9.00. Workshop 9.30 – 12.45 (15 min coffee break in between).*
Theme: Ethics in Practice: Staying Ethically Awake with Good Record Keeping of our Client's Story - *Presented by Janine Kendall (Counseling Psychologist: Senior Lecturer at Pearson Institute)*
Costs: R800. 3 Ethics CPD points pending (HPCSA: Medical and psychology (6 ethics points); SACSSP; SAAP/CSPC; DRC Ministers).
Contact June Kriel if you need to clarify any information. Tel 012 329 9492. / Email friend@hospivision.org.za

❖ Nuusbriewe

- **Bybel-Media nuus** [Besoek www.bybelmedia.org.za]
  Die fokus is dié week op die Mei-uitgawe van LiG; Liedboek van die Kerk (gewone- en grootdrukformate) en inligting oor BM-Cordis Trust-prysoorhandiging. [Lees hier verder...]

- **CLF-nuus:** In ***Laat ons eet en feesvier!*** word die verhaal van die verlore seun (Lukas 15) gebruik om stil te staan by verskillende fasette van ons lewe, ons verhoudinge en ons geloof. Mag elke leser hierdeur hul se verhouding met die Here, in elke area van sy/haar lewe, verdiep! [Lees hier verder...]
  Kontak CLF by +2721 873 6964, epos info@clf.co.za of besoek ons webwerf www.clf.co.za.

Gebedslys

Hiermee ***'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers*** *om enige* ***sake vir voorbidding*** *aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- Skole het weer heropen.
- Dankbaar oor goeie rëen op verskeie plekke in ons land.
- Plekke waar die droogte nog nie verlig is nie.
- Vryheidsdag (27 April 2018)

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

- **UP Fakulteit Teologie**: **Gelegitimeerde proponente 2017**
  - ***Jeanri Bezuidenhout*** [074 893 2836, jeanri.bez@gmail.com]
  - ***Camille Castelyn*** [079 506 5117, camillecastelyn@gmail.com]
  - ***Willie Griesel*** [083 491 0657, wjgriesel@gmail.com]
  - ***Henk Kotzé*** [083 479 9411, hskotze@yahoo.com]
  - ***Werner Smal*** [079 883 2729, wernersmal777@gmail.com]

- **Ander gelegitimeerdes wat beskikbaar is om eredienste te lei**
  Gerhard Bothma *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*

- **Vakatures in Kerkbode geadverteer**
  Besoek: *http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/*

Ten slotte

Terug

BYLAES

BYBEL-MEDIA NUUS

Lees in die Mei-uitgawe van LiG ...

... waar Elizma Theron vertel hoe sy kies op om God se goedheid te fokus, ná die huisroof wat haar gesin moes deurmaak.
Ons dink aan Hemelvaart, en wys vyf beloftes uit waarom ons daaroor kan fees vier. Ons help jou ook om die Heilige Gees binne jou te ontdek.
Helena Hugo vertel dat haar skryfwerk haar bediening is. En 'n sportdominee getuig hoe sokker en gehoorsaamheid die evangelie bring.
LiG praat met kenners oor hoe om jou kind te beskerm teen seksuele misbruik. Ons wys jou ook hoe om in jou kind 'n diensbare hart te kweek.
Om nog van LiG se puik Christelike inhoud te lees, besoek www.lig.co.za

Jongste Bybelkor-publikasies

Liedboek van die kerk ...
(grootdruk en standaard grootte)
622 liedere vir gebruik in eredienste, sangdienste en kleingroepbyeenkomste.
Die navrae oor en aanvraag vir die Liedboek van die kerk het al groter geword, vandaar die herdruk in beide formate. Dit is wonderlik dat méér mense wil sing!
Prys: **R161,40** (BTW en posgeld in RSA ingesluit).

Bybel-Media-Cordis Trust-pryswenners

Tydens die prysoorhandigingsgeleentheid op 23 Maart is oorkondes en pryse aan die volgende persone oorhandig:

1. Bybel-Media-Cordis Trust-prys vir oorspronklike, Afrikaanse Christelike familie- en/of jeugpublikasie aan die skrywers: dr Marlena du Toit, ds Braam Klopper en past Justine Pike vir die publikasie:
   Leeg ... *God se troos na swangerskapverlies of miskraam*.
   Uitgewer: Lux Verbi
2. Bybel-Media-Cordis Trust-pryse vir bydrae tot spesiale projek(te) met 'n Bybel-Media verbintenis... met deerniswerk, woordkuns en geestelike groei as vernaamste kriteria.
   Ds Jaco Strydom – medewerker en skrywer van Kerkbode-artikels (Echo-Jeugbediening).
   én me Stefné van Dyk – medewerker in LiG-artikel (Hande-vat musiek-projek in Kleinmond).

Baie geluk aan die vyf persone wat by uitsonderlik projekte betrokke is – julle maak 'n verskil!

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za , klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

Groete vanuit Wellington.
Strydom Bruwer
Bybel-Media
E-pos: strydom@bmedia.co.za

Terug

CLF-NUUS

In ***Laat ons eet en feesvier!*** word die verhaal van die verlore seun (Lukas 15) gebruik om stil te staan by verskillende fasette van ons lewe, ons verhoudinge en ons geloof. Dit is soos om die verskillende vlakke van 'n diamant na die lig te draai, sodat jy verras en verwonderd staan oor die skoonheid en kleurvolle rykdom van die verhaal – die verhaal van 'n wagtende Vader, 'n seun wat verlore was en terugkom en 'n ouer broer wat ook na die fees uitgenooi word. Dié Bybelse verhaal word die verhaal van ons elkeen se lewe. In die verhaal van die verlore seun hoor ons die hele evangelie weerklink.

Ds Deon Koeglenberg werk as leraar in plaasgemeenskappe in die De Doorns-distrik. Hy ken die mense vir wie hy skryf, hulle vrae en hulle worstelinge. Hy skryf met deernis en begrip, maklik verstaanbaar.
Die boek is geskryf vir mense wat op plase, maar ook op talle ander plekke in die wêreld van arbeid gebedsgeleenthede en groepsgesprekke lei. Maar die boekie is ook bruikbaar vir self-lees, of vir saamlees en gesprek in gesinne, of vir gebruik in gemeentes se toerustingsprogram.

Die doel van hierdie boekie is om elke dag, al is dit net ’n kwartier, sinvol met die Woord om te gaan.

- Kry ’n tema vir die week. Hierdie boekie help daarmee.
- Hou dit kort en eenvoudig. Weereens help die boekie daarmee.
- Een keer ’n week kan vrywilligers in ’n groepie bymekaar kom. Die groepsbyeen-koms behels onder andere praktiese oefeninge waarmee mense huistoe gestuur word. Moenie hierdie opdragte mis of oorslaan nie.
- Deel van die groepsbyeenkoms is ’n skets waarna mense kan kyk. Vertrou die Heilige Gees om ook deur hierdie skets met mense te praat.
- Gee die boekie vir mense wat belangstel. Miskien met die voorwaarde dat hulle kom saam kuier by die groepie. Moedig hulle aan om weer die waarhede van die week te lees.
- Die boekie bly net ’n riglyn. Laat toe dat die Heilige Gees jou gebruik. Daarvoor is goeie voorbereiding nodig.

Die boek is by CLF beskikbaar en kan bestel word deur +2721 873 6964 te skakel of epos info@clf.co.za.

Terug